

16 Julie

Laat julle deur die Gees lei

Skrifgedeelte: Spreuke 20:1-12 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 20:3

Mense wat daaglik in mekaar se geselskap is, ken mekaar se swakhede, word gefrustreer deur mekaar se foute en bou maklik 'n weerstand op teen mekaar se standpunte. Daarom is die moontlikheid van rusies in 'n huisgesin en veral tussen egpare baie groot. Hoe hanteer jy die situasies wat tot rusies aanleiding gee? Ruk dit hande uit? Of slaag jy om dit tot 'n einde te bring?

Daar is 'n eerbare manier van lewe as kind van die hemelse Vader. Die wysheid, wat begin met jou diens aan Hom, stel jou in staat om rusies te vermy. Wie dwaas optree, laat hulle deur hulle sondige natuur oorheers, tree onvolwasse op en gee hulleself oor aan twisgierigheid. Hulle soek as 't ware in die kleinste verskille redes vir rusies.

Hoe kan jy met wysheid rusies vermy of beëindig? Laat jou deur die Gees lei, sodat liefde en vriendelikheid jou optrede kenmerk. Geduld en verdraagsaamheid stel jou in staat om na ander mense se standpunte te luister, sonder dat jy jou humeur verloor. Wees insiklik, bedagsaam en moenie altyd jou eie belange of standpunte as die enigste korrekte beskou nie. Wees bereid om by ander te leer. Vra die Here deur gebed om jou te help om oortreders te vergewe. Wie uit sy vergifnis leef, ervaar die vreugde van vrede met Hom en sy naaste.

Rusie maak is 'n sondige lewenswyse wat groei uit dwase hantering van verskille. Daarom mag ons nie op daardie pad volhard nie. Moenie 'n dag kwaad afsluit nie, gee die duiwel nie vatkans nie.

Sing: Psalm 34:6 (1936-beryming)

Dr. Callie Opperman (Windhoek-Suid)